Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## DIE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT DOEN HIERMEE ’N BEROEP OP LEDE VAN DIE PUBLIEK OM IN DIE RAAD VAN ERFENIS WES-KAAP TE DIEN

Lede van die publiek word genooi om kandidate te nomineer wat in die Raad van Erfenis Wes-Kaap kan dien. Die dienstydperk is drie jaar, van 1 November 2025 tot 31 October 2028. Erfenis Wes-Kaap is ’n provinsiale erfenishulpbronowerheid met die verantwoordelikheid om die erfenishulpbronne van die provinsie te identifiseer, beskerm, bewaar, bestuur en bevorder. Sy mandaat is afkomstig van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999.

VEREISTES:
Daar word van genomineerdes vereis om:
(a) Suid-Afrikaanse burgers te wees.
(b) Permanente inwoners van die Wes-Kaap te wees.
(c) Oor kennis te beskik van en kwalifikasies, ervaring of belangstelling te hê in onderwerpe wat verband hou met erfenishulpbronbestuur.

Ervaring in regering en openbare bestuur sal voordelig wees.

Lede van die Raad word deur die Provinsiale Minister aangestel, ingevolge die kriteria van deursigtigheid en verteenwoordigendheid van die erfenis van die mense van die Wes-Kaap.

Lede van die publiek wat graag geskikte individue wil nomineer om in die EWK se Raad te dien, moet die aanlyn nominasievorm invul, wat bekom kan word by: https://docs.google.com/forms/d/1K6UMDj5i61_8vEjXL9UrlxAXY1a1R50jBOyHfY9-z8k/edit?pli=1 As alternatief kan Ameerah Peters geskakel word by tel.: 021 483 9598, of navrae kan aan Ameerah.Peters@westerncape.gov.za gestuur word.

SLUITINGSDATUM: 17 Julie 2025

POPIA-vrywaring:
Ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (POPIA), verwerk ons jou persoonlike inligting soos nodig om ’n sakeverhouding met die Department te vestig en te onderhou. Jou persoonlike inligting kan in die normale verloop van sake aan derdepartye bekendgemaak word, of as dit nodig is om aan die Wet te voldoen. ’n Volledige privaatheidskennisgewing is beskikbaar by https://www.westerncape.gov.za/general-publication/privacy-notice-department-cultural-affairs-and-sport-respects-and-protects-your-privacy